**Wes-Kaap Onderwysdepartement**
**Western Cape Education Department**
**iSebe leMfundo leNtshona Koloni**


| Navrae / Enquiries / iMibuzo | Dr. N. Faasen<br>Me. U. Heydenrych | Verwysing / Reference / Ubhekiso | L.16/23/2 | Telefoon / Telephone / iMfonomfono | 403-6109 |
|---|---|---|---|---|---|

AAN:

HOOFDE VAN ALLE WKOD ONDERWYSINRIGTINGS EN PRIVATE SKOLE, STREEK- EN AREAKANTORE, KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS EN SKOOLKLINIEKE

| | |
|---|---|
| Kantoor van die / Office of the / i-Offisi ye | Onderwyshoof |
| Privaatsak / Private Bag | 9114 |
| Dorp/Stad / Town/City / iDolophi/iSixeko | KAAPSTAD |
| Poskode/Postal Code / iKhodi lePosi | 8000 |
| Faks / Fax | 419-5967 |
| Datum/Date / Umhla | 31 Julie 1997 |


Omsendbrief 0060/97

1. **GOEDKEURING VAN 'N WYSIGING IN DIE BENAMING VAN SKOOLFASES**

2. **GOEDKEURING VAN 'N WYSIGING IN DIE BENAMING VAN SKOOLVLAKKE: GRADE IN PLAAS VAN STANDERDS**

3. **GOEDKEURING VAN DIE UITFASERING VAN LAERGRAADONDERRIG-AANBIEDINGE IN DIE SENIOR SEKONDÊRE FASE VAN OPENBARE SKOLE**

4. **GOEDKEURING VAN URDU HOËR GRAAD, GRADE 10 - 12**

## 1. GOEDKEURING VAN 'N WYSIGING IN DIE BENAMING VAN SKOOLFASES

Op 12 Maart 1997 het die Minister van Onderwys 'n wysiging in die benaming van skoolfases goedgekeur. Die bestaande vierfasebenaming van Junior Primêr, Senior Primêr, Junior Sekondêr en Senior Sekondêr, gevolg deur tersiêre studie, word vervang met 'n driefasebenaming, naamlik **Algemene Onderwys en Opleiding (Grade 1 - 9)**, **Verdere Onderwys en Opleiding (Grade 10 - 12)** en **Hoër Onderwys en Opleiding.** In die afdeling Algemene Onderwys en Opleiding word verder onderskei tussen 'n Grondslagfase (Grade 1 - 3), 'n Intermediêre Fase (Grade 4 - 6) en 'n Senior Fase (Grade 7 - 9).

In die toekoms sal die Aanvangsjaar bekend staan as Graad R (i.p.v. Graad 0).

2/....

## 2. GOEDKEURING VAN 'N WYSIGING IN DIE BENAMING VAN SKOOLVLAKKE: GRADE IN PLAAS VAN STANDERDS

As gevolg van die verwisselbare gebruik van die terme Grade en Standerds, is daar tans nie eenvormige gebruik van skoolvlakbenamings nie en kan verwarring onder leerders en ouers ontstaan. In die lig hiervan het die Minister van Onderwys op 12 Maart 1997 'n verandering in skoolvlak-benaming, naamlik **Grade** in plaas van Standerds, vanaf 1997 goedgekeur.

| OU SKOOLVLAKAANDUIDING | NUWE SKOOLVLAKAANDUIDING |
|---|---|
| Graad 1/Sub A | Graad 1 |
| Graad 2/Sub B | Graad 2 |
| Standerd 1 | Graad 3 |
| Standerd 2 | Graad 4 |
| Standerd 3 | Graad 5 |
| Standerd 4 | Graad 6 |
| Standerd 5 | Graad 7 |
| Standerd 6 | Graad 8 |
| Standerd 7 | Graad 9 |
| Standerd 8 | Graad 10 |
| Standerd 9 | Graad 11 |
| Standerd 10 | Graad 12 |

## 3. GOEDKEURING VAN DIE UITFASERING VAN LAERGRAADONDERRIG-AANBIEDINGE IN DIE SENIOR SEKONDÊRE FASE VAN OPENBARE SKOLE

In 1995 het die Interim Komitee van Onderwysdepartements-hoofde (IKODH) besluit om onderrigaanbiedinge op die Laergraad in openbare skole uit te faseer. Daar is in 1995 met die uitfasering begin en in Maart 1997 het die WKOD dit afgehandel. Laergraadsillabusse is egter nog steeds beskikbaar vir leerders in enkele OLSO-skole waar finale reëlings vir 1997 reeds getref is.

3/....

Daar is egter 'n beperking op die toepassing van bogenoemde besluit, aangesien die programvereistes vir die Senior Sekondêre fase, soos vervat in die huidige beleidsdokument, *'n Samevatting van onderrigprogramme in openbare gewone skole - NASOP 02-550 (89/03)*, steeds voorsiening maak vir die omskakeling van uitslae van Standaardgraadonderrig-aanbiedinge tot uitslae in Laergraadonderrig-aanbiedinge in gevalle waar 'n kandidaat nie voldoen het aan die slaagvereistes in sodanige Standaardgraadonderrig-aanbiedinge nie.

Hierdie toegewing skep ernstige probleme vir gewone hoërskole, aangesien in terme van bogenoemde IKODH-besluit, onderrigaanbiedinge op Laergraad nie langer toegelaat word nie. Sou kandidate in Graad 10 of 11 'n onderrigaanbieding op die Standaardgraad druip, kan die uitslae van die betrokke onderrigaanbiedinge volgens huidige nasionale beleid omgeskakel word na uitslae op Laergraad ten einde sodanige kandidate toe te laat om na die volgende Graad bevorder te word.

Die implikasie is egter dat hierdie kandidate in die volgende Graad verplig is om die omgeskakelde onderrigaanbiedinge ook op die Laergraad aan te bied, hoewel die skoolkurrikulum vir hierdie Grade nie voorsiening maak vir Laergraadonderrig-aanbiedinge vir Grade 10 tot 12 nie.

In die lig van die voorafgaande het die Minister van Onderwys op 12 Maart 1997 goedkeuring verleen dat die omskakeling van Standaardgraad-uitslae na Laergraad-uitslae in openbare skole soos volg beëindig word: Graad 10 van 1997, Graad 11 van 1998 en Graad 12 van 1999.

Hierdie wysigings is opgeneem in die hersiene weergawe van die beleidsdokument: *'n Samevatting van onderrigprogramme in openbare skole - Verslag 550 (97/06)*.

## 4. GOEDKEURING VAN URDU HOËR GRAAD, GRADE 10 - 12

Op 12 Maart 1997 het die Minister van Onderwys die sillabusse vir **Urdu Hoër Graad, Grade 10 - 12**, soos ontwikkel deur die voormalige Departement van Onderwys en Kultuur: Raad van Afgevaardigdes, en goedgekeur deur die Komitee van Universiteitshoofde (KUH), as nasionale beleid goedgekeur. Dit moet egter daarop gelet word dat Urdu <u>nie</u> ampteliketaalstatus het nie.

Kennedy

vir **HOOF: ONDERWYS**